

# KAMMANUUS

Nommer 487

24 November 2014

'n Publikasie van Onsdorp.com

## TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

## Slangbytserum maak die kiewe lekker warm

Hoofstuk I, Deel xi

**D**aardie was die dae wat ek en Kamermaatjie nog kon stap. Voordat ons weg is Lesotho toe, was ons in Klerksdorp deel van 'n informele stapklub van sowat tien of twaalf mense wat gereeld ons land met dapper en stapper deurkruis het.

Ons het gaan stap op bekende staproetes soos die Blyderivier en selfs die Otter, asook die minder bekendes soos Suikerbosrand en selfs heel nuwes wat ons self afgebaken het, soos die een naby Rustenburg wat ons die Funa Manzi gedoop het - fanagalo vir soeke na water.

Steeds maar lus vir die wandelpad, besluit ek en Annabelle om een naweek al langs die Malibatso af te stap van Ha Lejone tot by die terreinkantore. Vyftien kilometer soos die kraai vlieg. Baie verder berg op en berg af. Omdat ons al baie jare aan't stappe is, was ons redelik goed toegerus met die nodige rugsakke, stapskoene, waterbottels, slaapsakke, gasstofies en selfs die allernodigste flessie 'slangbytserum'.

Nou nie dat dit jou juis gaan beskerm teen slange nie. In ons geval het dit bestaan uit die whiskeylikeur Glayva, gelykop gemeng met Famous Grouse. Die doepa is veral nodig as mens se tentjie op klipperige grond opgeslaan word. Daardie blou opgerolde slaapmatjies wat mens saamdra, is myns insiens maar net sielkundig van waarde. Slangbytserum maak die kiewe lekker warm en laat mens lekkerder slaap.

Ons het toentertyd twee honde gehad. Sheba, 'n Dobermann dame, en Provence, ons dapper klein Maltese poedel wat in die winter getrou haar gestreepte blou en wit truitjie gedra het. Hoe lekker was dit altyd om saans buite te gaan staan en uit volle bors vir Provence nader te roep. Jou lekker ding. Ek kon maar net sowel op Nuweland gewees het.

Die eerste Provence het ook gereeld 'n vreeslike keel opgesit as ons net sou waag om by die tuinhekkie uit te beweeg sonder haar op tou. Daar was so 'n enorme rots voor in ons rotstuin - so groot dat die kontrakteur dit spesiaal vir my moes kom aflaai het met 'n laaigraaf, die verskoning kwansuis omdat ek mos 'n klipdokter is.

Provence sal dan altyd bo-op die rots gaan stelling inneem en sodra sy sien Kamermaatjie verdwyn buite sig, sit en huil sy met haar eie lang en treurige weergawe van 'n area uit La Traviata. Sonder ophou. Droefgeestig. Mens sou sweer sy word vermoor. Om klagtes van dieremishandeling te vermy, besluit ons toe maarsy moet saam gaan.

Die eerste entjie het als goed gegaan en het sy uitbundig saamgedraf en oral gesnuffel en geruik en haar visitekaartjie gelos soos dit 'n dame van haar spesie betaam. Gaandeweg begin ons egter die steiltes vat. 'n Klomp plekke moes ons haar begin optel van een lysie na 'n ander soos ons paadjie teen die berghange uitgekronkel het.

Bo-op so 'n effe gelyktetjie kom ons op 'n trop beeste af. Eerste keer in haar lewe dat sy sulke dierasies teëkom. Heldhaftig storm sy op hulle af. Hulle gee egter nie pad soos sy verwag het nie, maar staan eerder nader uit

nuuskierigheid. Met die eerste lang loeiende moeë wat die naaste koei uiter, steek Provence onseker vas en draai na ons toe met 'n kyk wat duidelik vra, 'Wat moet ek nou doen, julle?' **WORD VERVOLG.**

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur

## Met die Boere in die veld

IN die dagboek van die skrywer-digter **Jan F.E. Cilliers** verskaf hy op 26 April 1900 die kitsresep vir Stormjaers, 'n soort vetkoek wat in die Anglo-Boere-oorlog talle burgers te velde aan die lewe gehou. Hy skryf soos volg: "Teen die begin van hierdie maand was ons (die Pretoria-kommando) nog aan 't trek van die Oranjerivier na Kroonstad. Aangesien ons vinnig moes deurdruk, was daar nie veel tyd vir kosmaak nie.

"Ons beskuit was lankal op, maar ons het meel gehad en gereeld Stormjaers gebak.

"Dit bestaan uit 'n mengsel van meel met bietjie bakpoeier. Die deeg word per lepel in die kokende pot water geplaas waarby 'n paar koppies gesmelte vet gegooi word. Elke lepel vol rys vorm tot 'n ronde bruin broodjie wat skaflik smaak.

"Een van ons grootste probleme op die Vrystaatse vlaktes is die vind van voldoende brandstof. Ons gebruik hoofsaaklik droë beesmis, maar dit is ook maar skaars. Ons ruil dikwels by swartmense die kop, pote en vel van die skape wat ons slag vir bruikbare hoeveelhede droë mis.

"Op 1 April het ons teen die aand op 'n mooi, boomryke kampplek langs die Valsrivier by Kroonstad uitgespan. Water, skaduwee en hout was nou skielik in oorvloed beskikbaar. Uiteindelik kon ons weer bad.

"Die grootste vreugde vir my was dat ek die volgende dag 'n verlofbriefie gekry het om by my vrou en kinders te gaan kuier.

"Ons is dieselfde nag nog op 'n oorvol trein uit Kroonstad weg en tienuur die oggend van 3 April was ons in Pretoria, waar ek 'n week deurgebring het.

"Woensdag 11 April was ons terug op Kroonstad. Op die stasie het die trein met 470 Britte wat deur hoofkmdt. De Wet by Mostertshoek krygsgevangene geneem is, by ons verbygestoom op pad Pretoria toe.

"Die Kakies het uitbundig *Rule Britannia* en *God save the Queen* gesing.

"Eers teen die aand van 12 April was ek en my enkele kameraad terug by ons laer. Behalwe twee swart bediendes, was daar geen siel in sig nie. Ons het skaars kans gehad om koffiewater te kook en vleis gaar te maak, toe dit begin reën.

"Ons het maar soos gebruikelik 'n bokseil oor 'n wa getrek en vir ons slaapplek daaronder ingerig.

"Die reëndruppeltjies tok op die seil en hieren daar klink skielik 'n snel tik-tik-tik wanneer 'n waterstraaltjie 'n skeurtjie in die seil ontdek en dan meedoënloos op ons beddegoed of op onself afstuur.

"Wat 'n teenstelling met die vorige week se vreedsame en gesellige eetkamertjie tuis! Tog voel ek volstrekte ongelukkig of droefgeestig nie. Ek voel tevrede en trots daarop om te kan deelneem aan 'n groot worsteling om die lot van ons Afrikaanse moeders en kinders vir altyd te bestendig."

## Die herkoms van gesegdes (40)

### Silwerlepel:

Met 'n silwerlepel in die mond gebore wees (gesê van iemand wat op geldelike gebied voorspoedig is)

Eens op 'n tyd was dit die gewoonte vir ryk peetouers om 'n silwer lepel aan hulle peetkind te gee wanneer hy gedoop is.

Hoewel sulke kinders gewoonlik in welaf gesinne was en dus nie regtig die waardevolle silwerlepel nodig gehad het nie, was die tradisie sterk gewortel. Soms is 'n silwerapostellepel gegee: 'n besonder gelukkige peetkind kon selfs 'n stel met al twaalf die apostels kry - dit was beeldjies bo aan die steel van die lepel wat die apostels voorgestel het. Niemand wat 'n hele stelapostellepels uit die 16de of 17de eeu het, kan hulleself gelukkig ag al is hulle ouers nie welaf nie. Volledige stelle wat ook in 'n goeie toestand is, is skaars en haal uitstekende pryse.

Een so 'n stel uit die vroeë 17de eeu is in 1974 by Christie's in Londen vir ongeveer R400 000 verkoop.



## Malema en die pous

Die pous en Julius Malema het dieselfde verhoog voor 'n groot skare gedeel.

"Het jy geweet," vra die pous, "dat ek met net een handbeweging hierdie hele skare kan laat jil van opwinding?"

"Die vreugde sal langdurig wees, nie van korte duur soos dié van jou volgelinge nie. Dit sal diep in hul harte inkruip en hulle sal hierdie dag altyd onthou en dit vier."

Julius: "Met net een handbeweging? Ek glo jou nie. Wys my!"

Toe gee die pous hom 'n moerse klap.

**Ons was so arm ons het anti-freeze gedrink. Daar was nie geld vir truie nie.**

## Hasia, hoekom is jou ore so kort?

Deur **RONNIE KING**

My geliefde vrou tjie vra my een Saterdag middag om 'n braaihoender by ons famous winkel te bestel vir Sondag, want die skoonouers kom daar eet.

Sondag het gekom en dit was tyd om die hoender te gaan afhaal. By die winkel gekom, laat die eienaar my te verstane dat hy skoon vergeet het om die bestellingkie van my te plaas en dat hy nou vreeslik jammer is en my sal vergoed (met wat weet ek nie, want die donner is vrek-suinig)

Dit val my toe by dat daar 'n Chinese Take Aways naby ons is wat darem seker sal opmaak vir die hoendertjie. Ek wou liefie skoonouers ook 'n verrassinkie gee met iets nuuts.

Tjing Tjong praat my toe 'n gat in die kop om een van sy gewilde gebraaide Aloe-hasies te koop en jaag my boonop R75 uit die sak.

By die huis gekom was die slaai en ander koue vleisies (wat nie genoeg is nie) al reg en hulle wag toe net vir hoender se kind.

Toe ma daai boks oopmaak, my maat, is dit die Tweede Wêreldoorlog se moer, man! Dit was 'n gevloek en snot en tranes vir 'n vale.

Die hasie het daar in die boks gelê, bruin gebraai en sappig in my opinie, maar ongelukkig steeds met die koppie aan, sonder ore (seker om in die doos te pas) en 'n paar groot gebraaide oë wat vir jou staar. Ek sê vir julle dit was hel.

Al wat vir my toe oor was is, was om 'n paar tjoppies so tussen die Castles aan die gang te kry. Ons het heelwat later en slimmer aan my kant eers geëet.

Die honde waai nou nog hulle sterte as ek met 'n boks met 'n wegneem-ete by die huis aankom.

## 'n Baie eerlike man se storie

Gedurende my onlangse geskeduleerde besoek aan die dokter vra hy my om 'n normale fisiese aktiewe dag in my lewe te beskryf.

Ek vertel hom toe ek het die vorige middag 'n vyf-uurlange staptog van ongeveer sewe myl aangepak.

Deur ruwe veld gestrompel, langs 'n meer deur digte braambos gestoei en in die proses ook nog sand in my oë en skoene gekry.

Ek het 'n slang rakelings misgetrap, verskeie klipkoppies bemeester en agter 'n paar groot bome en digte bosse water afgeslaan.

Ek verseker hom toe dat al die uitputting het my weerloos gelaat het. Soseer dat ek na dit alles agt biere moes afsluk net om tot verhaal te kom.

My dokter was heel beïndruk:

"Jy is voorwaar 'n buitelig spesialis."

"Nee Dok, net 'n vrot gholfspeler"

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## BRITSE EMPIRE

In die glorie-dae van die Britse Empire word 'n nuwe bevelvoerder na 'n buitepos in die Afrika-woud gestuur om die uittredende kolonel te vervang nadat hy sy dienstryperk voltooi het.

Nadat hy sy opvolger verwelkom en die nodige eerbewyse volgens voorskrif gelewer het (jeneren en tonikum, kommertoebroodjies, ens.) sê hy aan die nuwe offisier:

"Jy moet my adjudant, kaptein Smithers, ontmoet.

"Hy is my regterhand en sy talente ken geen perke nie."

So word Smithers ontbied en aan die nuwe bevelvoerder voorgestel, wat verstom was deur die boggelug met net een oog, haarloos en oortrek van die pokmerke en net drie voet lank.

"Smithers, vertel die nuwe bevelvoerder van jouself."

"Wel, ek het met hoogste lof by Sandhurst gekwalifiseer, by die regiment aangesluit, drie ekspedisies agter vyandelike stellings gelei en die Militêre Kruis verwerf.

"Ek het Brittanje in perdry verteenwoordig en 'n silwermedalje in boks by die Olimpiese Spele gewen.

"Ek het die geskiedenis van . . ."

Dis toe dat die kolonel hom in die rede val:

"Ja, ja, Smithers, hy kan al daai dinge in jou lêersien.

"Vertel hom nou wat gebeur het toe jy vir die plaaslike toordokter gesê het hy moet loop skyt."



## APPELS EN KOEKIES

By 'n Katolieke skool se kafeteria het die kinders toegestaan vir middagete. Aan die kop van die tafel was 'n groot mandjie vol appels, met die boodskap:

"Vat net een. Onthou, God hou jou dop."

Verderaan was daar 'n tafel vol sjokoladekoekies. Een van die kinders het 'n nota daar gelos:

"Vat soveel jy wil. God hou die appels dop."

## PERDERESIES

Drie vriende het 'n slegte dag by die perderesies gehad. Nie een van hul perde het goed gehardloop nie.

"Vreemd dat Hannes altyd gelukkig met kaartspeel is, maar altyd verloor as dit by perde kom," sê Tom.

"Dis nie vreemd nie," antwoord Danie.

"Hulle laat hom nie toe om die perde rond te skommel nie."

## MENSLIKE GEDRAG

Die eienaar van twee mantel-apies is by die DBV aangekla omdat hy hulle brande-wyn en Coke gevoer het. Hulle het hulle toe glo nes mense gedra.

## TREKNET



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

### Goed, kom ons loop!

'n Adolossente seunt op 'n naamlose plattelandse dorp snou 'n bemoeisieke oujongnoui buurvrou oor die heining toe:

"Ag, fok jou, jou bleddie oujongnoui!"  
Sy maak 'n saak van crimen injuria teen hom.

In die hof sê die prokureur vir die seun aan die magistraat:

"U Edele, voor die saak begin wil ek u verwys na die jongste Afrikaanse Woordelys, bladsy nr. XX. Daar staan: 'fok' en tussen hakies 'jou' - 'n stopwoord in Afrikaans sonder enige spesifieke betekenis.

"Dus voer ek aan dat daar wesentlik geen saak teen my kliënt is nie."

Die magistraat bekyk die geskrif en verklaar toe:

"Ek stem saam met u. In daardie geval, fok die res. Kom ons loop."



### HOE HET EK DIT DAN?

**Vroue dra vals  
hare, naels en  
ooghare. Hulle  
koop vals tieties,  
grimeer en gaan  
vir Botox.  
Maar dan soek  
hulle 'n ware  
man?**

### Die Duitse spioen

Dit is 'n ware storie uit die Tweede Wêreldoorlog, wat die begin van 'n dekades lange Koue Oorlog tussen die Weste en die Kommunistiese Blok was.

Spioenasie was aan die orde van die dag en 'n Duitser wat in Duitsland vir die Amerikaners gespioeneer het, was baie suksesvol.

Hy het naby 'n Duitse kamp in die veld weggekruip en gewag dat die Duitse offisiere in die veld kom broeklosmaak.

Omdat daar nie toiletpapier was nie, het hulle orders gebruik om die nodige mee te doen.

Die spioen het dan 'n onaangename takie gehad, maar het baie nuttige inligting bekom!

### TIENERS

Is Julle Moeg Om Altyd  
Deur Jul Ouers Gepla te  
word?

### TREE OP!

Trek Uit. Kry 'n Werk.  
Betaal Self Jou Rekening  
Terwyl Jy Nog Alles  
Weet!

### Drie slim honde

Drie vriende - 'n ingenieur, 'n rekenmeester en 'n staatsamptenaar - het gespog oor hoe slim hul honde is.

#### Ingenieur:

"Laat ek julle wys wat my hond, Kompas, kan doen."

Hy het 'n stuk papier neergesit, 'n potlood aan Kompas gegee en hom beveel om 'n sirkel en 'n driehoek te teken.

Kompas het dit perfek gedoen.

#### Rekenmeester:

"Dis nog niks. Kyk wat my hond, Balans, kan doen."

Hy het 12 koekies uitgelê en Balans beveel om hulle in drie ewe groot hopies te verdeel.

Balans het dit in 'n paar sekondes reggekry.

"Wat kan jou hond doen?" het hulle aan die staatsamptenaar gevra.

Die staatsamptenaar fluit toe vir sy hond, Koffiebreuk.

Die hond het aangestrompel, die koekies opgeëet, op die tekening gepiepie, die ander twee honde gemolesteer en met twee dae siekteverlof vertrek.

♦ Jy verbrand meer kalorieë deur te slaap as om deur TV te kyk.

♦ American Airlines het in 1987 \$40,000 bespaar deur een olyf minder in elke saai wat in die eerste klas bedien is, te haal.

♦ Venus is al planeet wat kloksgewys roteer.

# Stamboom

## Help ons familiesoekers

**BELMONTE** stempel@vodamail.co.za

Het regtig geen name of datums nie, maar van kastele in Italië en Spanje.. asseblief enige inligting sal baie help!

**NEL** Lorainenel@live.co.za

Gebore 1960/08/12, Johannesburg. Woon in Randburg.

Vader Lodewyk Christoffel Nel gebore 20 Augustus, en sterf 20 Augustus 1970/ Moeder Susanna Johanna Adrianna Nel (gebore Pretorius) 4 Julie 1920, en sterf 8 Februarie 1997.

**RYPMA** stempel@vodamail.co.za

Die mees onbekende van in my familieboom is 'Rypma'. Enige iemand wat hier kan help asseblief en baie dankie! Daar is 'n plekkie in Nederland genoem Rypma.

**STEENEKAMP** steenekamptinus@yahoo.com

**VAN DAM** stempel@vodamail.co.za

Van Dam of Van Damme! inligting nodig asseblief.

**VAN DEN BERGH** olivier249@gmail.com

Hallo, ek wil graag die stamboom van die Van den Bergh's vind en ook Meyer, Nel en van Zyl. Van Zyl is my nooiensvan en is die van aan vaderskant, waarvan my ouma Nel was aan vaderkants. Aan moederskant is my ouma Meyer en my oupa van den Bergh. Vermoed Gert van den Bergh en my oupa Hendrik, Lambertus, Jakobus van den Bergh.

**VAN DYK** fredrika.duplessis1@gmail.com

My moedeR, Fredrika Wilhelmina Jacobs gebore 25 Oktober 1931, en oorlede 6 Des 2011. Wil graag meer weet oor my oupa Frederick Daniel Jacobs. Gebore 1901- 1902 (nie seker nie), bekom. Getroud met Anna Elizebeth Hudsons gebore 11 Sep 1903. Groete Fredrika.

**VAN HUYSSTEEN** gerdie66@ymail.com

Addisioneel: Ek is op soek na die foto van die Van Huyssteen-familiewapen. Kan iemand dit dalk vir my e-mail asb. Groete, Gerdie.

**ZOWITZKEY** stempel@vodamail.co.za

VerSkeie spellings: Zowitzkey - Souwitksy - Zowitsky, ens.

### VROU WAT LOL

"Sally," vra Linda, "wat sou jy doen as jy 'n vrou uitvang dat sy met jou man lo?"

"Met George?" vra Sally. "Laat eksien: ek sal haar wit kiere breek, haar gidshond doodskiet en 'n huurmotor bel om haar terug te neem na die inrigting."

Watter bose gedagtes skuil daar dikwels in ons harte?

## DIE SKADUWEE WEET



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



“

Hy het in die wêreld se beste hotelle geslaap: die Waldorf Astoria in New York, die Ritz in Parys, die Mount Nelson in Kaapstad.

Deur **DANA SNYMAN**

**D**is nie moeilik om oom Gertjie Niemöller op Pofadder op te spoor nie. Draai hier links en dourrr regs, beduie een van die petroljoggies by die garage – oom Gertjie se huis is die een oorkant die hotel.

Dit is ook die enigste huis oorkant die hotel, blyk dit, want die hele straatblok behoort blykbaar aan oom Gertjie, sien ek toe ek by die hek inry.

Dalk besit oom Gertjie 'n groot gedeelte van Pofadder, want oral hier in Boesmanland hoor jy hoe 'n welvarende man hy is. Hoe hy op sy dag glo meer as een myn besit het, hoe hy met 15 000 karakoelskaap geboer het, hoe hy Suid-Afrika se dadelbedryf begin het. Hy is ook die eerste en enigste Boesmanlander wat al in 'n Concorde gevlieg het, vertel party.

En tog adverteer niks op hierdie werf rykdom nie. Onder 'n afdak staan 'n Kombi, en eenkant is 'n sementdammetjie. Die huis is 'n ruim enkelverdieping, maar nêrens merk jy enige van die vergrype waarvoor party rykes in die Kaap en in Gauteng so lief is nie. Geen Italiaanse teëls. G'n Toskaanse spuitfontein.

Ek hou langs die huis stil. 'n Man loer by 'n sydeur uit. Hy dra 'n blou oorpakbaadjie en velskoene – so na aan 'n Boesmanlandse butler soos kan kom. Marsie is sy naam. Marsie Silo.

“Hy't nou net klaar gestort,” sê Marsie. “Kom maar deur.” Marsie lei my tot in 'n tamaai langwerpige vertrek, tot in die wonderwêreld van Gertjie Niemöller.

Teen die een muur is 'n lang-lang boekrak en 'n kas waarop dokumente in hopies staan. Op 'n tafeltjie is 'n kartondoos vol klippe. Doer is 'n leë voëlkoutjie. Op die lessenaar is twee asbakkies en 'n verkyker, 'n pakkie Prohep, 'n verslete tjekboek, 'n roomysbak vol papierknippies. En agter dit sit oom Gertjie in 'n roomkleurige safaripak.

“Gaan dit goed, Oom?” vra ek. “Nee, man. Ek's nou naby my einde. Ek meen, ek is al 82. Ek het mos nie my liggaam opgepas soos 'n predikant nie. Ek het mos gerook en gedrink, anders kon ek dalk nientig geraak het...” Hy beduie na sy bene. “Ek kan nie lekker loop nie. Nou sit ek maar hier.”

**H**y dra ook velskoene, merk ek toe ek op die stoel skuins van hom gaan sit. Hy het al die jare vir hom sommer tien pare velskoene op 'n slag laat maak, beduie hy, maar die laaste keer het hy net twee pare gevra.

In 1944 het hy ook sy eerste langbroek laat maak: 'n 22-duim-pyp, met turn ups. En tot vandag dra hy sy langbroeke so. Hy is 'n Duitser van geboorte, maar Duits kon hy nog nooit vlot praat nie.

Sy ouers het in 1920 na Suid-Afrika geïmmigreer en het die hotel op Pofadder vir duisend pond gekoop. Hier is hy ontvang en gebore, en hier het hy begin boer op 'n stukkie huurgrond langs die Oranjerivier en in 'n tent gewoon. En hier het hy 'n miljoenêr geraak en die wêreld vol gevlieg, in sy velskoene en sy safaripak.

Hy het in die wêreld se beste hotelle geslaap: die Waldorf Astoria in New York, die Ritz in Parys, die Mount Nelson in Kaapstad, waar hy selfs saam met die skilder Tretchikoff gekuier het.

Hy het selfs vier oorspronklike Tretchikoffs besit, maar hy het hulle verkoop. Oom Gertjie skram weg van spog en hoë praatjies. “Hier was 'n kjêrel. Hasië was sy naam,” sê hy op sy lomerige Boesmanlandse manier.

“Ou Hasië wou vreeslik graag hoog praat. Hoog-Afrikaans en so. Op 'n dag is hier 'n huisgesin, die man het die kar omgegooi en die een kind is dood.

Ou Hasie is toe soontoe om simpatie te loop betuig. 'Ek's sommer lus en skiet myself,' sê die man vir Hasie.

Sê Hasie vir hom: 'Nee, man, jy kan dit nie doen nie, jy is mos 'n mens wat 'n probability kan staan.'" 'n Stilte. "Nou vra ek jou: Is dit nou die regte woord?"

**O**om Gertjie het al die jare op Klein-Pella 'n plaas naby die Oranjerivier bewoon, waar hy onder meer die grootste karakoelstoet in die land gehad het. Maar nadat die karakoelbedryf 'n ernstige knou gekry het, moes hy nuwe planne maak. Hy het allerlei soorte klippe begin ontgin wat in nywerhede gebruik word, veral in Japan.

Later hy het ook met die dadels begin. "Dit was eers maar 'n gesukkel, man. Ek het 4 000 dadelplantjies in Amerika gaan koop – 642 van hulle het darem gegroei. Laas jaar het hulle baie ver meer as 1000 ton dadels geoes."

Oom Gertjie se eerste vrou is oorlede. Sy oorle vriend dr. O.J. van Schalkwyk, wat lank burgemeester van Pofadder was, het dikwels saam met hom oorsee gereis wanneer hy karakoelpelse of klippe moes gaan bemark.

"Ek wou nie alleen vlie nie. Dok moes maar saamkom. In Japan het hulle ons vreeslik ge-treat. Elke aand stuur hulle twee vars Japannertjies om saam met jou te eet. Môreaand weer twee ander. Hulle vat jou na 'n eetplek toe. Dan sit daar 'n vrou, dan gee sy vir jou saki om te drink."

“ Ek vat later 'n kar se tyre en sny dit middeldeer, loop sit dit in die veld en skink dit vol wyn.

Oom Gertjie sak terug in sy stoel. Hy gee so 'n laggie en skud sy kop. Dit was anderster dae daardie. Maar die hele tyd moes hy nuwe planne maak om te oorleef, want hierdie Boesmanland is dêm hard. Droogtes. Hitte. Bobbejane wat jou dadels eet. Jakkalse wat die skape vang en vang.

"Een dag toe is ek op die plaas doenig, hier kom 'n man aan. 'Het oom nie vir my dinamiet nie?' vra hy. Ek help hom toe maar. Agterna hoor ek hulle het 'n jakkals gevang – een van dies wat die skape eet. Toe reël hulle 'n paartie. Die vroue bring kos. Dit gaan jollie. Later maak hulle die dinamiet om die jakkals se lyf vas en steek die lont brand. En die jakkals beginne hardloop. Almal staan en kyk hoe hardloop die jakkals oor die vlakke en word in sy peetje in geskiet."

'n Dêm harde wêreld, ja. "Een jaar toe sê Dok: 'Dit gaan in Oktober reent, Gertjie. Glo my.' Ek sê vir hom: 'Jy's mal, man, dit gat nie reent nie.' Toe wed ons: As ek reg is, koop hy vir my 'n air conditioner. En as hy verkeerd is, moet hy twee Sondae kerk toe gaan."

Oom Gertjie het die weddenskap gewen. Hy trek die lessenaar se boonste laai effe oop. 'n Papegaai loer by die opening uit. Bella. "Ek het haar al 11 jaar." Oom Gertjie beduie na die verslete tjekboek. "Sy vreet als op, maar sy gaan orals saam."

Oom Gertjie, wat intussen Klein-Pella verkoop het, het kwaai gesukkel met die bobbejane wat die dadels in daardie beginjare so opgevreet het. "Ek vat later 'n kar se tyre en sny dit middeldeer, loop sit dit in die veld en skink dit vol wyn. Man, en die bobbejane kom. Hulle raas en kuier. Later lê die hele spul dronk daar om die tyre. Ek kom daar met die geweer en ek kyk hulle so – en toe kry ek dit nie oor my hart om hulle te skiet nie."

**D**ie dokters het al aan sy bene geopereer. "Jy verstaan ook nie altyd die mense nie. Een aand lê ek lekker vas en slaap in die hospitaal.

Hier druk-druk iemand aan my. Ek sien dis 'n verpleegster. 'Oom, oom het vergeet om oom se slaappille te drink,' sê sy. Nou vra ek jou." Hy het nou die dag nog so geloop toe vou sy bene onder hom in – en hy val. Seer.

"Toe dink ek by myself: Dit moet nooit weer gebeur nie. Toe besluit ek ek moet ophou rook. Ek het seker 40, 50 siegrete op 'n dag gerook."

Hy tel 'n spuitbotteltjie op en spuit iets by sy mond in. "Dis vandag al 21 dae." Hy sit die botteltjie weer neer. Dis die een of ander wondermiddel wat glo jou lus vir sigarette wegneem. Hy roep die huis in.

"Marsie! Marssie!" Marsie verskyn weer in sy oorpakbaadjie. "Wys vir hom die boks met die zolle in," sê oom Gertjie. Marsie bring 'n kartondoos.

"Ek't laat Marsie-hulle vir my zolle met Springbok-twak draai. Ek het gedink dit sal my minder laat rook, maar toe begin ek al meer zolle rook."

Oom Gertjie sak terug in die stoel. Maar hy gb hierdie spuitmiddel gaan werk. Dis nou al 21 dae. Ek wil 'n foto van oom Gertjie neem. Ek haal my kamera uit my rugsak en leun vorentoe.



Die volgende oomblik fladder Bella uit die laai, pyl op my af en begin na my kop pik terwyl oom Gertjie roep: "Marsie, kom help!" Bella vlieg in die rigting van haar koutjie en gaan sit op haar stok.

"Bella, jy gooi my hele naam weg, man!" raas oom Gertjie met haar. Ek kyk na oom Gertjie en besef ons het eintlik niks oor al oom Gertjie se prestasies en vindingrykheid en befaamde goedhartigheid gesels nie.

"Kom kuier weer," sê hy later. "Ek is maar altyd hier. Waar sal ek tog nou heen gaan?" Oom Gertjie sal altyd hier op Pofadder wees, maak nie saak wat gebeur nie. Hy is 'n man wat 'n probability kan deurstaan.

**KAMMANUUS verskyn weer op 8 DESEMBER**